14 - 16 Februarie 2020

# Willows

Saamgestel deur
Liana Labuschagne







Sommige lede het al vanaf Maandag gekamp en ander vanaf die Woensdag al net om rustig te verkeer en die pragtige sonsopkoms en sonsondergang te aanskou.

Die Senior Burgers het die Donderdag oggend begin inkom om 'n heerlike middag tee saam met te geniet.

Vrydag het die res van lede so een na die ander ingekom en vroeg het die braaivleis vure hoog gebrand. Nelia Snyman het 'n pragtige boodskap gelewer oor die Liefde (Ja dit was mos Valentynsdag). Liana het vir ieder en elk n Spekboompie gegee met inbetaling, want elkeen wat 'n Spekboom plant, doen die wêreld 'n guns.

Saterdag om 10h00 het Mariena Reynierse vir die lede gedemonstreer, en die wat wou deel wees, het saam 'n hoender ontbeen. Dit was baie interesant. Die kinders het die glybaan omtrent geniet en sommige lede was af see toe.

Tom Swart en sy span is tans besig om opname te maak vir Kyk Net oor Kampering. Hulle het kom kyk hoe ons as Sawanante ons naweek deur bring. Tom het Saterdagaand na Boekevat kortliks vir die lede van sy lewe vertel. Louis Botha het 'n pragtige Boodskap gelewer. "Hou jou vurk"

Sondag is daar kerkdiens onder die tent gehou, deur Ds. Rudi van Tonder. (Wat 'n warm dag).

Dankie aan al die kampkommandante wat my so mooi met boekevat gehelp het asook aan al die ander wat altyd bereid is om te help. Dankie aan almal wat die saamtrek bygewoon het en so die hitte getrotseer het.